

Senior Kategese
12 Mei 2019
Handelinge 9: 36-34

Agtergrond (Daar):

Jy kan gerus hierdie week se 'Bybelstudie' as agtergrond deurlees - dit sal jou baie in die gesprek help.

Die teksgedeelte gee jou die geleentheid om oor diensbaarheid te gesels en hoe om dit te gebruik om die Here se krag en liefde vir die wêreld te wys.

Die verhaal beteken nie dat ons 'super-christene' moet wees wat wonderwerke doen nie - maar dat ons Jesus se liefde kan wys deur ons diensbaarheid.

Petrus se lewe het drasties verander na Paassondag en na die uitstorting van die Heilige Gees. Dit is al wat 'n mens regtig kan verander.

Ysbreker (Hier en Nou)

Hierdie Sondag staan bekend as 'Goeie Herdersondag'. Hoe anders/beter sal ons land wees as die Here môre skielik almal se Herder was? Hoekom dink jy so?

As jy 'n Marvel/DC Superhero kon wees, wie sou jy wou wees en hoekom? Sou jy die wêreld kon red of beter maak?

Sê die Bybel dan nie dat ons die wêreld 'n beter plek moet (kan) maak nie? Hoe moet ons dit dan doen as ons nie superheroes is nie?

Word stil

Lees **Psalm 23** as 'n gebed.

Dink hieroor na:

Jesus sê Hy is die Goeie Herder.

Hy beskerm jou en lei jou.

Bid vir Suid-Afrika en vir ons politieke leiers - bid dat die Here ook hulle Herder sal wees.

Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)

Lees **Handelinge 9: 36-43**. As daar tyd is, kan elkeen dit weer op hulle eie lees.

Die opwekking van Tabita

³⁶In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help. ³⁷Juis in die tyd toe Petrus in Lidda was, het sy siek geword en gesterwe. Hulle het haar gewas en in 'n bokamer neergelê. ³⁸Aangesien Lidda naby Joppe is en die gelowiges gehoor het dat Petrus daar is, het hulle twee mans na hom toe gestuur met die versoek: "Kom tog gou na ons toe oor."

³⁹Petrus het dadelik saam met hulle gegaan en toe hy daar kom, het hulle hom na die bokamer toe geneem. Al die weduwees het by hom kom staan en snikkend vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het. ⁴⁰Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: "Tabita, staan op!"

Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit. ⁴¹Hy het haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring. ⁴²Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom.

⁴³Petrus het geruime tyd daar in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier.

Inligting vir die begeleier:

Die boek Handelinge beskryf op indrukwekkende wyse die stelselmatige ontvouing van God se plan. God se plan het die verlossing van mense van regoor die bewoonde wêreld in die oog. Dit wil sê, vanaf Jerusalem tot in Rome en dien as die vervulling Christus se belofte in Handelinge 1: 8. In God se heilsplan speel die persoon en werk van die Here Jesus Christus 'n prominente rol as die Bewerker van die heil vir die mensdom en die Heilige Gees is die Waarmaker van die verlossing wat Christus bewerk het in hierdie verhaal. God bepaal die verloop van hierdie heilsplan in die geskiedenis. God het volgens Lukas lankal reeds by monde van die profete in die Ou Testament (3: 18) sy plan van verlossing van die wêreld bekend gemaak. In die toesprake van o.a. Petrus en Paulus word daar herhaaldelik daarna verwys. God het vooraf bepaal dat Jesus aan die Jode oorgelewer sou word, dat hulle Hom sou doodmaak en dat Hy Jesus uit die dood sou opwek.

Gesels dan hieroor:

✦ Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.

✦ Of enige vrae wat jy nou het.

Hier:

- ✦ Wat weet ons van Tabita en wat kan ons by haar leer? Watter verskil sal dit maak as ons haar voorbeeld ernstig begin navolg?
- ✦ Na alle waarskynlikheid was Tabita 'n welgestelde vrou wat haar gawes met die gemeenskap gedeel het. Sy het iets verstaan van die sê-ding: “*What will it take for me to make a good life, and not merely a good living?*”

Hou die emosie-kaart omhoog. Gee paar sekondes van stilte sodat elkeen sy eie emosie kan identifiseer op die emosie-kaart. Nooi hulle uit om in kort sin te verduidelik watter emosie in hulle losgekrom het tydens vandag se les.

Nou:

- ✦ Wanneer maak ons lewe sin en bestaan ons nie net nie? Hoe kan die lewe oor meer gaan as net ‘gemaklik lewe’?
- ✦ Hoekom het Petrus vir Tabita uit die dood opgewek? Het Petrus net probeer ‘af show’, of wat was die doel van die wonderwerk?

Vra vir die groep aan watter verhoudings in hulle eie lewe hierdie teks hulle herinner het. Gebruik die verhoudings-kaart as hulpmiddel.

Voor:

- ✦ Kan julle nog Petrus se geskiedenis onthou? Dink so bietjie watter tipe dissipel hy was? (loop op die water, kap die slaaf se oor af, word deur Jesus ‘Satan’ genoem, word deur Jesus die ‘Rots’ genoem, word deur Jesus uitgestuur, verloën Jesus en kan nie eens teenoor 'n diensmeisie getuig nie, getuig voor duisende mense...)
- ✦ Wat leer ons by hom in hierdie verhaal?

Gebruik die dromer-kaart en vra vir die groep wat hulle dink God se Gees vir hulle sê oor die verhouding of verhoudings waaraan hulle gedink het.

Verder:

- ✦ Sou julle ook graag sulke wonderwerke wou doen? Hoekom? Wie sal die eer kry as jy dit doen? (Jy of die Here?)
- ✦ Die eintlike doel van wonderwerke is om te wys hoe magtig en sterk ons God is. Is daar ander maniere om vir die wêreld te wys hoe wonderlik Hy is?
- ✦ Joppe was 'n berugte en rowwe plek. Tog was dit die plek waar Tabita 'n verskil gemaak het. Waar is julle Joppe? Hoe kan julle daar 'n verskil maak?

Gebruik die verteller-kaart en vra vir elke deelnemer wat hierdie week vir hom of haar voorlê? Wat beplan hulle vir hierdie week?

Gebed:

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

“Here, ek aanbid U, want...”

Belydenis

“Here, vergewe my vir...”

Voorbidding

“Ek bid vandag vir...”

Danksegging

“Dankie, vir...”

Eie behoeftes en toewyding

“Here, help my om...”